


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 30 MAART – 5 APRIL 2026

Regoor die wêreld wek hoofopskrifte van oorlog diep onsekerheid en vrees in baie harte. Die negatiewe gevolge van tegnologiese vooruitgang veroorsaak ook onrus, selfs onder kenners in die tegnologieveld. Gereelde natuurrampe versterk die gevoel van intense vrees verder.

Mense wonder wat môre sal bring, of die wêreld oppad is na groter onstabiliteit en onrus, ekonomiese afswaaie en 'n toenemende verlies aan privaatheid. In sulke tye is dit maklik dat angs oor die toekoms toeneem. Vir baie ontstaan die vraag: "Waar kan ware sekuriteit gevind word?"

Terwyl baie dinge geskud word, is daar een ding wat nie geskud kan word nie. Deur die 'Kruis te Aanskou', word ons weer herinner aan die onwankelbare Koninkryk van God. Jesus Christus is gister, vandag en vir ewig dieselfde. Hy is die ewige Rots. Tydens Paasfees sluit ons aan by miljoene volgelinge van die Here Jesus regoor die wêreld om Sy oorwinning te vier en onsself opnuut aan Hom toe te wy.

In hierdie sewe dae wat tot Opstandingssondag lei, sal ons nadink en bid volgens die sewe maniere waarop Jesus Sy bloed gestort het vir ons redding, verlossing en bevryding.

## MAANDAG 30 MAART 2026

**SEWE WYSES WAAROP JESUS SE BLOED GESTORT IS**
**GEBED IN DOODSANGS**

*Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val.* (Lukas 22:44).

Jesus het eenkant gegaan om alleen te bid terwyl die gewig van gehoorsaamheid aan die Vader op Hom gerus het. In daardie plek van gebed het Hy versoeking oorkom deur in noue gemeenskap met God die Vader te bly.

**Kom ons bid**

- Bid vir gelowiges wat 'n kruispad in hul lewens in die gesig staar, om die aangesig van ons hemelse Vader ernstig te soek.
- Vra die Heilige Gees om hulle te help om versoeking te weerstaan en hulle volkome aan God oor te gee in gehoorsaamheid.

**Memoriseer hierdie eenvoudige gebed:** Vader, nie soos ek wil nie, maar soos U wil (Matteus 26:39).

---

## DINSDAG 31 MAART 2026

**SEWE WYSES WAAROP JESUS SE BLOED GESTORT IS**
**GELY VIR ONS GEREGTIGHEID**

*Ek het My **rug** gegee vir die wat slaan, en My **wange** vir die wat die hare uitpluk; My aangesig het Ek nie verberg vir smaadhede en bespuwing nie.* (Jesaja 50:5-6).

Jesus was mishandel, maar Hy het Sy lewe afgelê soos 'n lam wat na die slagplek gelei word (Jesaja 53:7).

**Kom ons bid**

- Bid vir gelowiges wat ter wille van die Evangelie van Jesus Christus verag word, om standvastig te bly in hul geloof en onwankelbaar in hul gehoorsaamheid aan Hom.
- Vra die Here om hulle te help om met genade te reageer gedurende tye van vervolging en die kwaad te oorkom deur goed te doen (Romeine 12:14-21).

**Memoriseer hierdie eenvoudige gebed:** Here, help my om die kwaad met die goeie te oorkom (Romeine 12:21).

---

## WOENSDAG 1 APRIL 2026

### SEWE WYSES WAAROP JESUS SE BLOED GESTORT IS
### GENESING DEUR SY WONDE

*Pilatus het Barabbas toe vir hulle losgelaat; maar Jesus het hy laat **gesel** en Hom oorgelewer om **gekruisig** te word.* (Matthew 27:26).

Elke siekte, dié wat bekend en onbekend is, het Jesus aan Sy liggaam gedra.

**Kom ons bid**

- Dank Jesus Christus dat Hy ons swakhede geneem het en ons siektes op Homself gedra het sodat ons herstel en genees kan word.
- Bid in geloof saam met en vir familie en geliefdes by naam wat aan terminale siektes ly. Verklaar die krag van die Bloed van Jesus oor hulle liggame.

**Memoriseer hierdie eenvoudige gebed:** Deur die wonde van Jesus is ek genees (Jesaja 53:5d).

---

## DONDERDAG 2 APRIL 2026

### SEWE WYSES WAAROP JESUS SE BLOED GESTORT IS
### VERNEDER IN SY LYDING

*Hulle vleg 'n doringkroon en sit dit op Sy kop en gee Hom 'n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: "Ons groet U, Koning van die Jode!"* (Matteus 27:29).

Jesus is bespot en dié wat Hom as Koning geprys het, het nie werklik Sy gesag of heerskappy erken nie. Omdat Hy die doringkroon gedra het word ons gewete van dooie werke gesuiwer, sodat ons die Lewende God kan dien.

**Kom ons bid**

- Vra die Heilige Gees om invloedryke mense wat Jesus openlik bespot, van hul sondes te oortuig. Bid dat die vrees van die Here hulle sal oortuig om hul lewens aan Hom oor te gee as Here en Verlosser.
- Buig in gebed en aanbidding voor die Here en erken Hom as Koning van jou lewe.

**Memoriseer hierdie eenvoudige gebed:** Jesus, U is die Koning van die konings en die Here van die heersers (Openbaring 19:16).

---

## VRYDAG 3 APRIL 2026

### SEWE WYSES WAAROP JESUS SE BLOED GESTORT IS ONHERKENBAAR MISVORMD

*My Dienaar sal voorspoedig wees. Hy sal hoog in aansien wees, Hy sal baie eer ontvang. Baie mense was ontsteld oor Hom, Hy was so* ***misvormd*** *dat Hy* ***nie meer soos 'n mens gelyk het nie****, nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie.* (Jesaja 52:13-14).

Die lyding en fisiese misvorming van Jesus was ongeëwenaard, maar vir die vreugde wat vir Hom in vooruitsig was, het Hy die kruis verduur (Hebreërs 12:2).

**Kom ons bid**

- Vra die Heilige Gees om die liefde van Jesus wat deur Sy lyding getoon word, te openbaar aan mense wat hul fisiese of geestelike gestremdhede as 'n skande beskou.
- Die Woord sê dat ons blydskap in die Here ons beskutting is (Nehemia 8:11). Bid vir lydende gelowiges om die Here se vreugde te ervaar te midde van hul lyding (Jakobus 1:2).

**Memoriseer hierdie eenvoudige gebed:** Christus het vir my gesterf toe ek nog 'n sondaar was (Romeine 5:8).

---

## SATERDAG 4 APRIL 2026

### SEWE WYSES WAAROP JESUS SE BLOED GESTORT IS GEKRUISIG

*En nadat hulle Hom* ***gekruisig*** *het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp, sodat vervul sou word wat deur die profeet gespreek is: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp.* (Matteus 27:35).

Jesus, ons Here en Verlosser, is vir ons sondes aan die kruis vasgespyker. Hy het die gewig van die sonde van die wêreld gedra. Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Jesus dit vir goed weggeneem (Kolossense 2:14).

**Kom ons bid**

- Bid vir gevangenes in die tronk wat daagliks herinner word aan die aanklagte teen hulle. Vra die Heilige Gees om hulle van hul sonde te oortuig en vir die krag van vergifnis in Jesus Christus om alle skuld en skaamte uit te wis.
- Bid dat ongelowiges opreg sal bekeer en wegdraai van hul goddeloosheid sodat hul lewens verander sal word volgens God se plan.

**Memoriseer hierdie eenvoudige gebed:** Deur die bloed van Jesus, is alle aanklagte teen my gekanselleer (Kolossense 2:14).

## SONDAG 5 APRIL 2026

### SEWE WYSES WAAROP JESUS SE BLOED GESTORT IS
### WOND IN JESUS SE SY

*Maar een van die soldate het met 'n* ***spies in Sy sy gesteek****, en daar het dadelik bloed en water uitgekom.* (Johannes 19:34).

Die bloed en die water het geestelike betekenis vir gelowiges. Die water simboliseer die reiniging wat deur geloof kom. Die Bloed beseël 'n ewige verbond vir ons deur die offer van Jesus, die Lam van God.

**Kom ons bid**

- Bid vir die Liggaam van Christus, om die boodskap van die Kruis en die Bloed voortdurend te deel tydens samekomste.
- Bid dat gelowiges hul harte voortdurend aan die Here sal onderwerp. Bid dat harte versag en gereinig sal word deur die Bloed van die Lam.

**Memoriseer hierdie eenvoudige gebed:** Die Bloed van Jesus reinig my van alle sonde (1 Johannes 1:7).